

**DOKUMENTE/INLIGTING BENODIG VIR DIE RAPPORTERING EN
BEREDDERING VAN BESTORWE BOEDELS**

Ten einde ons instaat te stel om 'n boedel volledig te rapporteer by die Meester van die Hoë Hof en toe te sien tot die behoorlike bereddering van die boedel, benodig ons die volgende oorspronklike dokumente; -

- Oorspronklike Testament;
- Identiteitsdokument van die oorledene;
- Sterfsertifikaat;
- Huweliksertifikaat, indien van toepassing;
- Huweliksvoorwaardekontrak, indien van toepassing;
- Egskeidingsbevel en Skikkingsakte, indien van toepassing;
- Besonderhede van vooroorlede gade se boedel, indien van toepassing;
- Naam en adres van die oorledene se werkgewer/pensioen;
- Besonderhede van mediesefonds;
- Inkomstebelasting en BTW besonderhede, indien van toepassing;
- Oorspronklike Titelakte, indien van toepassing;
- Huurooreenkomste, indien van toepassing;
- Huurkooporeenkomste, indien van toepassing;
- Voertuig registrasiesertifikate;
- Besonderhede van persone/instansies wat die oorledene geld skuld;
- Bankbesonderhede, ingesluit kredietkaarte van die oorledene;
- Besonderhede van lewenspolisse;
- Besonderhede van korttermynversekering;
- Lys van krediteure;
- Gesertifiseerde afskrifte van die begunstigdes se Identiteitsdokumente en bewys van bankbesonderhede;
- Gesertifiseerde afskrif van die eksekuteur se Identiteitsdokument met drie handtekeninge daarop.

Die oorspronklike dokumente sal na afloop van die beredderingsproses terug besorg word aan die erfgenaam/e.

